# Sagaria 2

Skrifberyming 1-2: 1 en 2
Skrifberyming 1-2: 3 (Na Geloofsbelydenis)
Skrifberyming 2-4: 3 (Na die Wet)
Psalm 116: 1, 7 en 10
Skrifberyming 15-1: 1 – 4

Geliefdes in ons Here Jesus Christus,

Dit is na die tyd van ballingskap – ongeveer 16 jaar later. 'n Groot deel van die volk het teruggekom na hulle land. Ja – hulle het opgewonde begin om alles wat verwoes was eer uit te sorter, maar hulle het gou weer spoed verloor. Daar stuur die Here vir Haggai en sagaria. Die Here wil Sy volk moed inpraat om, *ten spyte van die moeilike omstandighede na die ballingskap,* aan te gaan om Sy tempel te herbou *(Gaan luister gerus verlede Sondag se 2 preke uit Sagaria op ons Webblad).*

Nou – wanneer ons hier by hoofstuk 2 kom wil dit voorkom asof die Here se aanmoediging gewerk het. In die boek van Haggai sien ons dat die volk wel die werk aan die tempel hervat het en dit ook later afgehandel het. Daar was 'n nuwe ywer wat na vore kom – en iets daarvan sien ons in Sagaria se volgende naggesig *(die jong man met die maatlyn).* Maar – en daarom hierdie naggesig van Sagaria. Die volk moet duidelik besef dat dit nie sommer maar net vir instorm is en uitmeet nie. God se werk mag nie deur menslike beperkinge skade ly nie. Gewoonlik is dit 'n geweldige gesukkel om mense aan die gang te kry – ook in die kerk. As iemand eers gesit het – dan sit hy ... en as iemand eers sit en kla ... dan is dit dubbel so erg. Hoe wonderlik as iemand opspring en begin opmetings doen. Gee vir daardie man 'n ... 'n handeklap. Maar die engel sê: Keer hom. Moenie dat hy aangaan nie. Hoekom nie?

Die jong man is beeld van almal wat dalk baie entoesiasties hulle eie gedagtes en ideës op die kerk van God wil oordra. En die probleem is: (Luister baie mooi) - As sondaarmense het ons maar die geneigdheid om ons eie voorkeure / smaak / gedagtes / vrese ook op die werk van die Here af te druk. Ek meet my eie weergawe van hoe dit moet wees uit en dit word dan die norm. *Dit is hoe ek dit sien – dit is hoe ek dit wil hê – en dit is hoe dit nou vir almal moet geld. Ek is – soos hierdie jongman - opgewonde om uit te meet – dit wat vir my pas en vir my aanvaarbaar is ... en nou moet julle daarby inpas. Hier is die kerk ... volgens my weergawe.* Die jongman *(en ons vandag)* moet egter God se boodskap duidelik hoor. Pasop vir misplaaste ywer. Asseblief – monie net sit nie – en asb moenie net sit en kla nie, maar as jy iets doen – wonderlik – maar onthou, jy moet eers luister wat die Here sê: Dit gaan nie oor wat ons wil of dink of uitmeet nie. Met die kerk gaan God <u>GROOT</u>. Met die kerk gaan God GROTER s enige menslike selfsugtige beperking en afmeting. God se kerk sal alle menslike verwagtinge en beperkinge heeltemal oortref. Vir God gaan dit oor die eindes van die aarde *(nie net hierdie kerkgebou en hierdie perseel nie),* alle volke, nasies en tale *(nie net 'n paar Afrikaanse gesinne in die Ooste van Pretoria nie),* oor alle tye en grense. Verstaan jy? Ek wil dit graag so afmeet dat ek daarby kan inpas ... Nee – God gaan GROOT en nou moet jy daarby inpas. Dit is genoeg om enige aardse mens bang te maak. Dit is te groot – te oop – te onbegrens - Is dit nie 'n bietjie gevaarlik nie? God se antwoord daarop is ook duidelik. Hy sal Self 'n <u>MUUR VAN VUUR</u> *(beskerming)* rondom Sy volk wees, want Hy gaan in die midde van Sy kerk woon. Nee – ons hoef nie bang te wees nie. Die Here gaan GROOT en Hy gee die beskerming teen alle en enige vyand *(Beeld van die "oogappel").* Luister baie mooi. Soms is ons met ons eie weergawe van kerkwees – wat onsself uitgemeet het om by ons eie verwagtinge in te pas besig en dan dink ons die Here gaan dit beskerm en bewaar. Nee – God se beskerming geld vir dit waarmee Hy besig is en wat ons eie verwagtinge en beperkinge by verre oortref. Dit is nie – *ek bou en God beskerm nie* ... God beskerm dit wat Hy besig is om te bou. Hy gaan GROOT en is 'n muur van VUUR daar rondom heen. Hy is besig om Sy kerk / tempel te herbou ... in

Jesus Christus is God besig met iets GROOTS in hierdie wêreld. Godsdiens / kerkwees / gemeentewees is nie my eie ou besigwees waarby die Here moet inpas nie. Dit is juis andersom. In Jesus Christus pas ek in by dit wat God doen ... en wat Hy beskerm.

Daarom die dringende oproep in hierdie gedeelte: daar was nog baie mense wat in Babel agtergebly het. Sommige van hulle – al was dit ballingskaptyd het nogal lekker goed klaargekom daar is die vreemde. Hoekom sal hulle nou wil terugkeer na Jerusalem? ... dit gaan te veel opoffering vra. Bekeer julle – sê die Here. Hulle wat nog vasgehou word deur die wêreldse Babel – moet uitkom en terugkom na God toe. Die Here is besig *(luister na Sy beloftes)* om Israel / Sy volk / Sy kerk / Sy tempel weer op te bou. Nou is daar nog baie mense wat meer aandag aan die wêreldse dinge gee en die geestelike opbouwerk waarmee God besig is – ignoreer. Het nie nou tyd daarvoor nie. Luister: Dit is nou tyd vir hartgrondelike bekering en terugkeer. Is jy nog in Babel? Is jou lewensprioriteite wêrelds of geestelik? Meet jy nog en die Here moet iewers daarby inpas ... of pas jy in by dit waarmee God besig is ... en beskerm?

Daar is nog ‘n groep wat aangespreek word. Diegene wat reeds verlos is en in Sion woon moet juigend blywees oor God se genade en hulle blydskap in die wêreld bekendmaak. Hulle wat die vreugde ervaar om reeds deur die Gees van God ‘n nuwe lewe te beleef – nie ‘n maklike lewe nie – maar ‘n lewe met geestelike prioriteite en geestelike fokus, moet in vreugde juig en God verheerlik. Wat is die inhoud van jou geestelike lewe as deel van die liggam / kerk van Jesus Christus? Lof en dank aan God da tons ook – genadiglik – deel van Sy GROOTSE werk mag wees. Dit is so groot dat ek wil bangword, maar ek hou vas aan Sy belofte van beskerming.

Laaste fokus: Die hele wêreld. Die raserige wêreld wat bang is vir stilte, want dan word jy met jouself gekonfronteer. God se opdrag – *Word stil. Hou op praat ... draai jou musiek sagter ... sit neer jou selfoon ... skakel af jou rekenaar ... en word stil voor die Here.* Luister - God is uit Sy heilige woning oppad ... Die einde is oppad. Nie omdat die Maja’s dit sê nie – omdat God se Woord dit leer. Dit is nie op ‘n menslike kalender afgeteken nie – dit is volgens God se tydskaal. Moenie ‘n datum op jou kalender probeer omkring nie – want ons weet nie wanneer nie – ons moet altyd gereedwees daarvoor.

Moenie moedeloos wees as 2023 nie so rooskleurig is as wat ons aanvanklik gedink het nie. Onthou In Jesus Christus se verlossing het God bevestig dat Hy besig is met iets GROOTS in hierdie wêreld en het ons daarby betrokke geraak. Nee – nie dit wat jyself afmeet nie –dit wat God openbaar. God wil ons nou motiveer om daarmee besig te wees. Ons moet ook GROOT gaan – so groot dat ons bang word, maar weet van Sy beskerming. Maar luister goed: Die wat nog nie reg is nie *(die grootste groep van ons)* moet tot bekering kom. Die wat reeds voluit in die genade van God lewe – vind jou blydskap in die Here. En roep die hele wêreld om stil te word voor God ... die stilte *(voor die storm)* vir die hele wêreld.

Dit gaan nie oor waarmee jy gaan besigwees in 2023 nie. Dit gaan oor – waarmee is God besig ... en is jy daarby betrokke.

Amen